# Paasfees

Sondag 1 April 2018 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

### Aansteek van die kerse

**Lied 284**

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

*Refrein (slegs na strofes 1 en 2)*
*O Heer, help my om altyd so te leef –*
*om ander hoër as myself te ag,*
*ja, om lief te hê – ander bo myself –*
*en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

**Lied 417**

Jesus, ons eer U, opgestane Heer,
omdat U oorwin het, sal ons triomfeer!
Hoe was ons gebonde, hoe was ons verkneg.
U bevry tot lewe, baan vir ons die weg.
Jesus, ons eer U, opgestane Heer,
nou het ons 'n toekoms: lewe by ons Heer!

## Woorddiens

### Tema

"May Light always surround you;
Hope kindle and rebound you.
May your Hurts turn to Healing;
Your Heart embrace Feeling.
May Wounds become Wisdom;
Every Kindness a Prism.
May Laughter infect you;
Your Passion resurrect you.
May Goodness inspire
your Deepest Desires.
Through all that you Reach For,
May your arms Never Tire."
– D. Simone

### Skriflesing: Markus 16:1-8

### Broodjies vir die pad

"Your reason and your passion are the rudder and the sails of your seafaring soul.
If either your sails or your rudder be broken, you can but toss and drift, or else be held at a standstill in mid-seas.
For reason, ruling alone, is a force confining; and passion, unattended, is a flame that burns to its own destruction.
Therefore let your soul exalt your reason to the height of passion, that it may sing;
And let it direct your passion with reason, that your passion may live through its own daily resurrection, and like the phoenix rise above its own ashes."
— Kahlil Gibran, The Prophet

### Paasfees sonder kerrievis is net nie dieselfde nie

*Nolan Venter*

Kerrievis en paasbolletjies is so eie aan Paasfees soos die tradisionele paashaas wat in sjokoladevorm in verskeie groottes aan ons verkoop word.

Dis rondom hierdie tyd dat die prys van uie en kookolie die hoogte inskiet en asyn skielik nie meer so suur is soos in die Afrikaanse lys van intensiewe vorme voorgegee word nie.

Stap op die vooraand van Goeie Vrydag deur enige woonbuurt en jou neusgate word gevul met die aroma van vis wat in panne van alle groottes berei word vir die volgende dag se gesmul aan dié soetsuur lekkerte wat jare lank al sinoniem met Paasfees is.

Maasbanker, stokvis, snoek, kabeljou, geel-- stert . . . die lys is oneindig. Watter vis ook al beskikbaar is, dit word gebruik.

Elke jaar wanneer ek op Goeie Vrydag vir 'n ruim porsie kerrievis aansit, word ek onwillekeurig na my kinderdae teruggevoer.

Vis op die platteland was destyds so skaars soos hoendertande. Ons moes maar tevrede wees met Saldanha-, Glenryck- of Lucky Star- geblikte vis wat oorle' ouma op haar uitsonderlike manier gedokter het om dit darem 'n ekstra Paasskoppie te gee.

Omdat Paasfees gewoonlik sy opwagting lank voor pensioendag gemaak het, het Ouma vir ons mieliemeelvetkoek voorgesit wat in Holsum- of Pret-vet gebak is om in die kerrievis-sousie te doop.

My eerste proeseltjie égte kerrievis en paasbolletjies het ek te danke aan 'n Baaise tante van my wat een Paasnaweek by ons kom kuier het. Oorle' tant Lettie en oom Piens het op dié Goeie Vrydag met hul duur stasiewa voor ons eenvoudige huisie opgetrek.

Oom Piens was 'n tegnikus by 'n vooraanstaande naaimasjienfirma en antie Lettie op die oog af 'n voorslaghuisvrou. Dit was ook nie lank nie of ons kleinspan word nader gewink om die magdom padkosblikke die huis in te dra.

Met ons terugkoms van die Goeie Vrydag-kerkdiens is ons elkeen 'n bakkie kerrievis en 'n rosyntjiebroodjie in die hand gestop.

Ek het my etlike minute lank verkyk aan die wit kruisie op die broodjie voordat ek my kindertandjies daarin geslaan het. Die rosyntjies het ek een vir een met my duim en wysvinger uitgepluk.

Die vis was hemels en ek het, tipies van ’n kind, lank en lekker daaraan gesmul. Tot die laaste sousie met my wysvinger uitgelek.

Sedert daardie Paasfees het ek elke jaar uitgesien na tant Lettie en oom Piens se jaarlikse besoek. Wanneer ek op Goeie Vrydag vir my eerste porsie kerrievis aansit, kom kuier tant Lettie altyd in my gedagtes.

Toe sy my met haar vertrek op daardie Paasmaandag ’n drukkie gee, het sy my ook my eerste paaseier in die hand gestop.

Ek het seker bykans ’n uur daaraan gepeusel omdat ek dit met sulke klein knypies geëet het. Te bang en suinig dat dit klaar moet raak.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/paasfees-sonder-kerrievis-is-net-nie-dieselfde-nie-20180328-2

---

“Jesus's resurrection is the beginning of God's new project not to snatch people away from earth to heaven but to colonize earth with the life of heaven. That, after all, is what the Lord's Prayer is about.”
— N.T. Wright, Surprised by Hope: Rethinking Heaven, the Resurrection, and the Mission of the Church

“The difference between shallow happiness and a deep, sustaining joy is sorrow. Happiness lives where sorrow is not. When sorrow arrives, happiness dies. It can't stand pain. Joy, on the other hand, rises from sorrow and therefore can withstand all grief. Joy, by the grace of God, is the transfiguration of suffering into endurance, and of endurance into character, and of character into hope--and the hope that has become our joy does not (as happiness must for those who depend up on it) disappoint us.”
— Walter Wangerin Jr., Reliving the Passion: Meditations on the Suffering, Death, and the Resurrection of Jesus as Recorded in Mark.

---

“If you are a Buddhist, inspire yourself by thinking of the bodhisattva. If you are a Christian, think of the Christ, who came not to be served by others but to serve them in joy, in peace, and in generosity. For these things, these are not mere words, but acts, which go all the way, right up to their last breath. Even their death is a gift, and resurrection is born from this kind of death. (157)”
— Jean-Yves Leloup, Compassion and Meditation: The Spiritual Dynamic between Buddhism and Christianity

Jean-Yves Leloup, an Orthodox theologian, is well known in Europe, North and South America as a popular author on spirituality and psychology. He is the founder of the Institute of Other Civilization Studies and the International College of Therapists. He has written more than fifty books and has also translated and commented the gospels of Thomas, Miriam of Magdala, Philip and John.

https://www.goodreads.com/author/show/40513.Jean_Yves_Leloup

---

## Brood vir die pad

### Soek mense net wonder-werke, brood en gesag?

Een van die bekendste gedeeltes uit Fjeodor Dostojewski se veelstemmige roman Die Broers Karamazof is Iwan se fiktiewe vertelling aan sy broer Aliosja aangaande Jesus wat in die 16de eeu – gedurende die tyd van die Spaanse Inkwisisie – weer sy verskyning maak.

Hierdie keer nie in Jerusalem nie, maar in Se-ville, Spanje. Vreemd genoeg herken die mense hom dadelik. Sy stille krag en deernisvolle uitstraling trek hulle aan. Jesus reik na die mense uit. Hy seën hulle en sy aanraking bring heling.

Die kinders gooi blomme voor hom uit en roep “hosanna”. By die ingang van die katedraal wek hy selfs ’n meisie uit die dood uit op.

Dan verskyn die kardinaal, die Groot Inkwisiteur, en laat Jesus in hegtenis neem. Later die nag besoek die bejaarde kerkman Jesus in die tronk, en vra: “Waarom het jy teruggekom en met ons sake kom inmeng? Môre sal ek jou as die grootste van ketters laat verbrand, en dieselfde mense wat vandag jou voete gesoen het, sal die vuur stook.”

Die inkwisiteur se aanklag teen Jesus is dat mense nie die ondraaglike vryheid kan hanteer wat hy verkondig nie. Jesus moes ook eerder destyds in die woestyn aan die versoeker se versoeke toegegee het, aangesien dit eintlik van diep insig in die menslike toestand getuig. Jesus kon klippe in brood verander het. Hy kon iets skouspelagtig gedoen het soos om van die tempel af te spring sonder om seer te kry. Hy kon sy koninkryk met mag en prag uitgebrei het (Matteus 4:1-11).

Mense soek immers nie vryheid nie, maar brood, wonderwerke en gesag. Dít bring geluk. En dit is waarvoor die kerk nou sorg.

Ná die inkwisiteur se betoog nader Jesus hom in stilte en soen hom op sy bloedlose 90-jarige lippe.

In sy boek Dostoevsky: Language, Faith, and Fic-tion skryf die Anglikaanse teoloog Rowan Williams veelseggend oor dié soengebaar:

“Christ’s response to the Inquisitor’s delineation of the ‘real’ world is an act of gratuitous compas-sion – not the Inquisitorial compassion that seeks to remove the suffering by force, but a bare recognition of the Inquisitor’s imprisonment in the tragic contradiction of falsehood for the sake of truth.”

En hoe reageer die inkwisiteur op Jesus se soen? Ons lees in Dostojewski se teks dat die kus in sy hart gebrand het, maar tog behou hy sy vroeëre oortuigings. Aliosja, daarteenoor, word egter nie onaangeraak deur Iwan se vertelling gelaat nie. Ná die aanhoor daarvan staan hy op, gaan in stilte na sy broer en soen hom saggies op sy lippe. – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/soek-mense-net-wonderwerke-brood-en-gesag-20180324

---

“It is not easy to convey a sense of wonder, let alone resurrection wonder, to another. It’s the very nature of wonder to catch us off guard, to circumvent expectations and assumptions. Wonder can’t be packaged, and it can’t be worked up. It requires some sense of being there and some sense of engagement.”
— Eugene H. Peterson

---

**Lied 526**

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
*Ubi caritas, et amor*
*ubi caritas, Deus ibi est.*

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877